

**Aspekte van die sosiale stratifikasie
van die ontwikkelde agrariese samelewing
in die eerste-eeuse Palestina**

A G van Aarde
Universiteit van Pretoria

Abstract

Aspects of the social stratification of the advanced agrarian society in first-century Palestine

This article focuses on aspects of the social stratification of first-century Palestine as an advanced agrarian society. It aims at describing the interaction between different classes and the sociological origins of groups like the Pharisees and the Sadducees. The relation between the elites and the peasant communities is interpreted in terms of, *inter alia*, the social location of villages surrounding cities. It is argued that in an advanced agrarian society the family as institution should still be regarded as the dominant ideology. However, political and economic pressures caused a weakening of the influence of the extended family on the surface.

1. DOELSTELLING

Die wetenskap vandag word gekenmerk deur onder andere sy multi- en interdisiplinêre karakter. Teen hierdie agtergrond is die bewustelike gebruikmaking van sosiologiese teorieë en modelle in die eksegetiese wetenskap 'n aanduiding van wat in die genoemde postmoderne Bybelwetenskap aan die gebeur is. Dit is binne so 'n konteks dat die waarde van die sosiaal-wetenskaplike interpretasie van die Nuwe Testament spesiale vermelding verdien. Sekere onontginde aspekte van die kultu-

rele agtergrond van die Nuwe Testament is hierdeur op die agenda geplaas. Sels sekere impasses in bestaande navorsing kry opnuut aandag en ou debatte word heropen met die doel om probleme van die huidige tydsgewrig aan die orde te stel, op 'n geloofwaardige en verduidelikende wyse te belig, te verklaar en te hanteer. Misken is die vermyding van etnosentrisme die belangrikste winspunt wat die sosiaal-wetenskaplike eksegese op die gebied van Bybelse hermeneutiek gelewer het. Hiermee word bedoel dat die kultuurafstand tussen antieke en moderne kulture, sowel as van kulture onderling in 'n gegewe periode, nie in die verstaansproses uit die oog verloor word nie. Dit is veral met betrekking tot sekere etiese sake dat die Nuwe Testament dikwels op 'n wyse geïnterpreteer word sonder dat die historiese afstand tussen die eerste eeu en die twintigste eeu in ag geneem word. So byvoorbeeld word die ekonomiese en politieke oorsake van sosiale verontregting in ons dag aan dieselfde faktore toegeskryf as wat na bewering in die wêreld van Jesus en die vroegste kerk aanwesig was. Hierdie hermeneutiese dwaling staan ook as anakronisme bekend. Hiermee word bedoel dat antieke geskrifte vanuit moderne perspektiewe gelees word. Die gevolg hoef nie net etnosentristies van aard te wees nie, dit wil sê die ongeloofwaardige vermenging van kultuurverskynsels nie. Misplaaste konkretiteit kan ook die gevolg van reduksionisme wees. 'n Voorbeeld van so 'n hermeneutiese dwaling is die verskynsel om 'n breë spektrum van ineengestremgelde sosio-religieuse verskynsels op 'n onverantwoorde wyse vanuit die perspektief van die raamwerk van slegs een of twee sosiale instellings te verklaar. 'n Mens vind dit veral by die sogenoemde materialistiese eksegete wat bewustelik neo-Marxistiese literatuurteorieë in die verstaansproses inspan. Gewoonlik skryf hulle die verwysings in die Bybel na sosiale verontregting en ostrasisme op so 'n wyse aan ekonomiese en politieke ideologie toe asof dieselfde of soortgelyke dominante ideologiese kragte in die eerste eeu aanwesig was as wat Karl Marx in die twintigste eeu geïdentifiseer het. My eie gebruik en waardering van die sosiaal-wetenskaplike eksegetiese benadering het juis begin toe ek in debat wou gaan met wat genoem kan word die dwaling van misplaaste konkretiteit in hedendaagse kontekstuele teologie.

Hierdie artikel is 'n soortgelyke poging as my eerste wat in hierdie verband die lig gesien het (kyk Van Aarde 1988:829-846). Net soos die vorige artikel is daar in die onderhawige bydrae probeer om akademiese jargon sover as moontlik te vermy en om nie met behulp van bronneverwysings argumente te substansieer nie. Die agtergrond van die eerste bydrae was die versoek om tydens een van die simposia van die C B Powell-Bybelskool aan die Universiteit van Suid-Afrika 'n lesing te gee oor die konsep 'sosiaal-veragte' soos dit binne die konteks van die eerste-eeuse wêreld van die historiese Jesus gefigureer het. Daar is in daardie bydrae probeer om 'n reduksionistiese en anakronistiese interpretasie van die betrokke konsep te

vermy. Hoewel my 'sosiologiese' model op daardie stadium in 'n sekere sin as diletanties beskou kan word, het my oortuiging wat met betrekking tot 'n paar sake uitgewerk is, sterker geword soos my gebruik en waardering vir die sosiaal-wetenskaplike interpretasie van die Nuwe Testament oor die jare toegeneem het. Om enkeles te noem: Jesus se nie-apokaliptiese gebruik van die idee van die koninkryk van God; Jesus se ervaring van God se teenwoordigheid te midde van en ten spyte van neerdrukkende omstandighede; Jesus se Godsbegrip in terme van die familiële belewenis van die verhouding van 'n seun tot sy vader; Jesus se tempelkritiek; Jesus se dood as misverstand ten opsigte van 'n vermeende politieke program; Jesus as self 'n sosiaal-veragte; sosiale veragting as kulturele ostrasisme en nie in die eerste plek as ekonomiese en politieke onderdrukking nie; ekonomiese en politieke manipulasie as ingebed in ander sosiale (en selfs meer dominante) kragte wat agter die vervreemdingsproses van die veragte mens in sy verhouding tot God en sy naaste geleë is; Jesus se a-politieke gesindheid en optrede; Jesus se inklusiewe Godsbegrip teenoor die Fariseërs se partikularistiese eksklusiwisme.

Om 'n verdere tree te neem in die verstaan van die verhouding van die historiese Jesus (as self 'n sosiaal-veragte) tot ander sosiaal-veragtes in terme van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld vra myns insiens 'n beskrywing van 'n sosiaal-wetenskaplike model van die sosiale stratifikasie van die eerste-eeuse Joodse samelewing. Hierdie artikel het gevolglik die bedoeling om hieraan aandag te gee. Hierdie beskrywing vorm deel van 'n hoofstuk (met die titel 'Joodse groepe in Palestina') in 'n beplande handboek vir studente oor die kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament (kyk Van Aarde [1993]). My beskrywing berus grootliks op die werk en insigte van kultureel-antropoloë en Nuwe-Testamentici met wie ek die afgelope paar jaar bevoorreg is om internasionaal binne die raamwerk van *The Context Group – Project on the Bible in its Cultural Environment* nou te kan saamwerk.

My eie bydrae in hierdie artikel is veral geleë in die wyse waarop ek die uitdaging van die Nuwe-Testamentikus van Chicago, Carolyn Osiek (1992), ernstig opgeneem het om ook die ideologiese konteks van die eksegeet in 'n sosiaal-wetenskaplike interpretasie van die eerste-eeuse wêreld in ag te neem. Osiek se opmerking moet verstaan word teen die agtergrond van Itumeleng Mosala (1989), Bybelwetenskaplike van Kaapstad, se kritiek op die sosiologiese studies van die Bybel. Mosala meen dat laasgenoemde, net soos die historiese kritiek, steeds die sosiale en politieke agenda van die huidige regerende klasse handhaaf en selfs op verskuilde wyse in beskerming neem. Dit maak volgens hom nie werklik erns met enersyds die aspekte van klas, ideologie en politieke ekonomie van die samelewings van die Bybelse wêreld nie. (In hierdie opsig het Osiek tereg Mosala daarop gewys dat hierdie kritiek waarskynlik net betrekking het op daardie 'sosiologiese' studies wat nie

bewustelik gebruik wil maak van relevante teorieë, modelle en perspektiewe wat in die sosiologie as 'n selfstandige wetenskap ontwerp is nie.) Andersyds neem sosiologiese studies van die Bybel, volgens Mosala, ook nie die klas, ideologie en politieke ekonomie van die sogenoemde 'biblical sociologist' self in ag nie. So gesien, word die sosiologiese studie van die Bybel as een tree vorentoe geag, maar twee tree terug. Dit vind steeds sy vertrekpunt by 'n tipe rasionaliteitsbasis wat, soos die eerstewêreldse georiënteerde historiese kritiek, ideologies gevul is. Die gevolg is dat 'kennis' (in hierdie geval: 'sosiale wetenskap'), soos die ekonomiese en politieke tegnokratie en godsdienstigheid van die Weste, manipulerend en eksploiterend ingespan word ter wille van die handhawing van eie belange.

Die onderhawige studie fokus egter nie op die wyse waarop die wetenskap as sodanig (en ook die tradisionele Bybelwetenskap) tot ideologiese manipulasie en eksploitasie aanleiding kan gee nie. Hierdie studie gaan ook nie in op 'n ander uitdaging wat Carolyn Osiek in hierdie verband aan sosiaal-wetenskaplike eksegete tereg stel nie, te wete die aantoon van die raakpunte tussen bevrydingsteologie en die sosiologiese eksegete van die Bybel nie. Beide hierdie uitdagings sal ek persoonlik graag wil aanvaar en ter geleëner tyd aandag daaraan gee. Ek meen egter dat die sosiaal-wetenskaplike eksegete eers duidelikheid vir homself/haarself behoort te kry van die aard van die sosiale stratifikasie van die wêreld van die Nuwe Testament. Hierdie studie beoog dus die beskrywing van so 'n stratifikasie en dit lê klem op die eerste-eeuse Joodse samelewing.

In die studie word die begrip 'ideologie' baie bewustelik gebruik. Daar word egter gepoog om ook van die eie laat twintigste-eeuse ideologie bewus te wees wanneer die familiale instelling as die dominante ideologie van die eerste-eeuse Joodse samelewing aangedui word. Die studie gaan van die aanname uit dat die samelewing van eerste-eeuse Palestina as 'n ontwikkelde agrariese samelewing beskou moet word. Die resente werk van David Fiensy (1991) en die insigte van Gerhard Lenski (1966, 1991) dien in hierdie verband as vertrekpunt. Dit is in terme van hierdie konteks dat die plek van die godsdienst as ineengeveef met die ekonomiese, politieke en familiale samelewingstrukture bespreek word. Die insigte van veral Bruce Malina (1981, 1982, 1986) word hier handig ingespan. Teen die agtergrond van so 'n sosiale stratifikasie word daar in die artikel ingegaan op die verhouding tussen die elite en die 'landlose' plattelanders. Die publikasies van veral Douglas Oakman (1986, 1991, 1992), Dominic Crossan (1991) en Dennis Duling (1992) is vir hierdie doel verwerk. Hierdie sosiale interaksie word vervolgens in verband gebring met die 'social location' van dorpie rondom en in interaksie met groter stede. Richard Rohrbaugh (1984, 1987, 1991a, 1991b) het in verband met hierdie aangeleentheid waardevolle werk gelewer. Anthony Saldarini (1988) (en ook Richard

Horsley [1979, 1985]) se werk oor die sosiale oorsprong van groepe soos die Fariseërs en die Sadduseërs is in terme hiervan verdiskonteer. Aan die een kant is die studie van John H Elliott (1987, 1991) oor koaliesies en faksies in hierdie verband in ag geneem en aan die ander kant sy sosiaal-wetenskaplike model van die sosiale interaksie tussen bekermeheer en ondergeskikte (die werke van o a Malina [1988] en Crossan [1991] is in hierdie verband ook geraadpleeg). Die konstruksie van die drie verskillende fases in terme waarvan die wisselende belange van veral die eerste-eeuse Fariseërs verstaan behoort te word, is aan die insigte van Jacob Neusner (1973a, 1973b) ontleen. Die verwerking van die resultate van ondersoek na die argeologiese gegewens met betrekking tot die plek en rol van sinagoges is gebaseer op die werke van veral Gutmann (1981), Grabbe (1988) en Kee (1990).

Soos ons reeds daarop gewys het, berus die oorspronklike bydrae van hierdie studie op die argument dat die familie as instelling steeds binne die ontwikkelde agrariese samelewing gesien behoort te word as die dominante 'ideologie'. Ideologie word in hierdie opsig bewustelik as 'valse bewussyn' geïnterpreteer. Wat wel op die oppervlak van die samelewing sigbaar begin word het, is dat die konsep van die 'uitgebreide familie' onder die druk van die politieke en ekonomiese faktore uitgerafel het. Verla David Fiensy (1991) en Arland Jacobson (1992) het hieraan in hulle geraadpleegde werke aandag gegee.

2. INLEIDENDE OPMERKINGS

Daar is heelwat kenners van die eerste-eeuse Judaïsme wat van mening is dat die ideologiese oortuigings van Joodse groepe, soos onder andere die Fariseërs en Sadduseërs, bestudeer kan word in terme van die inligting wat ons oor hulle in die werke van Josefus aantref. Hierdie inligting kry egter eers besondere betekenis wanneer dit in terme van die sosiale dinamika grondliggend aan die Joodse samelewing van die eerste eeu geïnterpreteer word. Dit is daarom betekenisvol om die verskillende groepe se onderskeie identiteit en belange te probeer beskryf in terme van 'n gekonstrueerde model van die eerste-eeuse Joodse samelewing. Die ideologiese belange van die onderskeie groepe word met ander woorde verstaan teen die agtergrond van die sosiale omstandighede van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld soos dit vorm aangeneem het in byvoorbeeld die godsdienstige, ekonomiese, politieke en familiale instellings.

Die vermeldings in Josefus, die kanonieke evangelies en ander kontemporêre dokumente oor sosiale groeperings, skole, koaliesies, faksies en sektes behoort derhalwe binne die raamwerk van die hele Grieks-Romeinse wêreld van daardie tyd gesien te word. Dit is egter nie primêr ons oogmerk om nou in te gaan op die ken-

merke van die genoemde konsepte soos 'koalisie', 'faksie' of 'sekte' en ook nie op die redes waarom hierdie kategorieë sosiologies van mekaar te onderskei is nie. Later in die artikel gee ons wel 'n bietjie meer aandag aan die begrippe 'koalisie' en 'faksie'. Dit is vir die doel van die onderhawige beskrywing van 'n sosiale stratifikasie genoegsaam om te sê dat ons met die uitdrukking 'sosiale groeperings' die volgende groepe van mense bedoel: Die Fariseërs, Sadduseërs, skrifgeleerdes, Esseners, priesterhoofde, familiehoofde, 'landlose' plattelanders (die sogenoemde *peasant*-gemeenskappe wat op plattelandse nedersettings en ook rondom die stede gewoon het), ambagslui en vissers, burokrasie, slawe, ontwortelde 'huisloses' (wat in 'n georganiseerde vorm as *bandits* en somtyds selfs as *brigands* vorendag getree het en wat in die Sinoptiese Evangelies – dikwels sonder om hulle van die *peasants* te onderskei – sommer maar net die ὄχλοι genoem word, dit wil sê die 'skare') en ander huislose en 'onrein' *outcasts*, soos allerlei siekes, bedelaars, prostitute en straatkinders. Nie alle *peasants* was in die streng sin van die woord 'landloos' nie. Daar was kleinboere wat hulle eie grondjies gehad het. In 'n sekere sin was ook hierdie boere egter afhanklik van die groot grondbesitters wat gewoonlik lede van bepaalde elite-families was.

Ons moet egter onthou dat die skrywers van die onderskeie kanonieke evangelies en iemand soos Josefus nie altyd dieselfde tekening van die verskillende groepe het nie. Dit kan onder andere aan die verskil in bedoeling en ideologiese perspektief toegeskryf word. Josefus, byvoorbeeld, skryf sy berigte oor die Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes vanuit die perspektief van die leiersklasse – Joods sowel as Romeins. Ook kom die Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes alleen by Josefus ter sprake waar hulle by gebeure op die hoogste vlak van die nasionale lewe betrokke was. Hierdie vermeldings kan daarom alleen in terme van die konteks van die Romeinse Ryk en die Joodse samelewing binne die Romeinse Ryk verstaan word. Dit bring ons gevolglik uit by die ander groepe op die grondvlak van die samelewing (die *grass roots*-gemeenskappe), die sosiale instellings waarvan al die verskillende groepe onderskeidelik deel was, hulle sosiale rolle en dinamiese onderlinge verbande.

Dit is daarom nodig om ten minste 'n oorsigtelike kennis te verkry van die Jode in Palestina wat in 'n voorindustriële, ontwikkelde agrariese samelewing geleef het. Basiese kennis van die rol wat godsdienste as sodanig in so 'n samelewing vervul het, is egter ook 'n voorvereiste. Normaalweg word die rol van byvoorbeeld die Fariseërs en die Sadduseërs alleen in terme van godsdienstige strukture verstaan. Dikwels lees ons op 'n oppervlakkige wyse oor die verwysings na hierdie groepe in die kanonieke evangelies heen. Ons sien nie raak dat hulle baiekeer (vgl by Mark 11:27 met 12:12; 12:13 en 12:18) met priesterhoofde (ὁ ἀρχιερεὺς) en 'oudstes', ofte

wel familiehoofde (ol προεβύτεροι), in verband gebring word nie. En wat groepeerings soos die priesterhoofde en die familiehoofde (as 'n 'koalisie') betref, kan ons bloot op grond van die vermeldings dat hulle 'hoofde' genoem word, sonder meer aflei dat ons hier met die elite in die samelewing te doen het. Die feit dat hulle priesterhoofde en familiehoofde genoem word, dui verder daarop dat hierdie elite nie net met godsdienstige strukture te make gehad het nie, maar ook met familiële instellings.

Benewens die beskrywing van die plek van godsdiens in die breër samelewing, is dit derhalwe ook nodig om duidelikheid te kry oor die wyse waarop klasse hulle in die samelewing georganiseer het en oor die verband wat daar bestaan het tussen sosiale status en sosiale klas. Dit kom met ander woorde daarop neer dat die rol van groepe soos onder andere die Fariseërs en die Sadduseërs in die Nuwe Testament bestudeer behoort te word as 'n integrale deel van die Palestynse samelewing en in relasie met ander Joodse en Romeinse leiers en sosiale groepe in die periode vanaf 200 v C tot 100 n C. Al skep die Nuwe Testament die indruk dat die Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes die enigste en vernaamste groepe in die tyd van Jesus was, was dit nie werklik so nie. Baie ander gesagsfigure en leiersgroepe het voorgekom, soos byvoorbeeld die hoëpriester, ander priesterhoofde, 'oudstes' en hoofde van prominente families op sowel plaaslike as nasionale vlak. Hierdie leiers is dikwels deur bepaalde groepe of faksies ondersteun. Ons verwys na hierdie faksies as die 'ondersteunende klas' (*retainers*). Verteenwoordigers van hierdie 'ondersteunende klas' is byvoorbeeld burokrate, soldate en funksionariese van die Hasmoniërs (en die Joodse elite-families wat as die nageslag van die Hasmoniese koninklike families beskou kan word), Herodiane en Romeine sowel as tempelslawe en amptenare (soos die tempelpolisie) wat as 't ware 'besittings' van die tempel was.

In hierdie artikel word daar gevolglik kortliks ingegaan op die wyse waarop die sogenoemde *ontwikkelde agrariese samelewing* saamgestel is en die belangrikste klasse wat in so 'n samelewing aangetref is. Omdat die verhouding tussen die elite en die laer klasse somtyds oor die algemeen verband gehou het met spanning wat tussen die stad en die platteland bestaan het, word daar ook kortliks stil gestaan by die aard van die dorpslewe in Palestina en die sosiale interaksie tussen die verskillende klasse. Ten slotte gee ons aandag aan faktore wat die ontstaan van die genoemde groepeerings kon beïnvloed het.

3. GODSDIENS INGEBED IN ANDER SAMELEWINGSTRUKTURE

In die Mediterreense wêreld kan die godsdienstige, familiële, politieke en ekonomiese strukture nie sonder meer in aparte kompartemente ingedeel word nie. En

dit geld veral wat die godsdiens betref. Godsdienstige strukture het op sigself ook nie die belangrikste prioriteit in die samelewing gevorm nie – ten spyte van die feit dat godsdienstige mense vandag nog meen dat godsdiens so 'n prioriteitsrol behoort te vervul en dat hulle hulle nie kan voorstel dat dit anders by veral Bybelse 'heiliges' sal wees nie. Die feit van die saak is egter dat godsdienstige oortuigings en beleving in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld wesenlik ingebed was in die familiare, etniese en territoriale strukture waarin persone gebore is. (Die uitdrukking 'etnisiteit' het hier nie die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse konnotasie van en klem op 'ras' nie, maar het meer op kulturele nasionaliteit en personaliteit betrekking.) Die plek van godsdiens in die eerste-eeuse Joodse samelewing kan miskien in kort soos volg in 'n enkele stelling verduidelik word: Godsdiens is nie gekies nie; dit is geërf. Godsdiens was deel van en ingebed in al in die ander sferes van die samelewing. Radikale bekering tot 'n ander godsdiens en verwerping van iemand se 'aangebore' oortuigings en gewoontes het daarom outomatiese vervreemding van die gesin en die 'aangebore' sosiale groep beteken.

Groeperings, soos die Fariseërs en Sadduseërs, moet derhalwe nie as afgesonderde 'suiwer' godsdienstig-georiënteerde 'denominasies' gesien word of as groepe wat asketies ten opsigte van die samelewing geleef het nie. Selfs die Esseners wat in die Qumran-grotte gewoon het, was deel van die Joodse samelewing en het 'n sekere sosiale impak op die Joodse samelewing uitgeoefen – veral gesien in die lig daarvan dat die area waar die Esseners as groep hulle tuiste gehad het, ook deur baie ander bewoon was, daar militêre verdedigingsinstallasies in hulle omgewing was en hulle ook belasting aan die Romeine en Hasmoniërs (en die elite-families wat as die Hasmoniërs se voortsetting gesien kan word) betaal het. Almal was deel van die Joodse samelewing, al het hulle ideologies van die tempelowerhede verskil of van die voorregte van die tempel ontbeer.

Hoewel die godsdienstige lewe in die familiare en politieke strukture ingebed was, kon godsdienstige funksionaries egter 'n soort outonome mag verkry wat van politieke mag onderskei moet word. Hierdie outonome godsdienstige 'mag' was egter so beperk dat die godsdienstige funksionaries nie 'n soort koalisie op sigself kon vorm nie en in der waarheid steeds deel van die breër samelewing gebly het. Die posisie van die Fariseërs en die Sadduseërs pas goed hierby in. Hierdie groepe het in 'n sekere sin waardes met die volk op die grondvlak van die samelewing gedeel en het ook 'n oop lidmaatskap (binne die grense van bepaalde reinheidsmaatreëls met betrekking tot die Joodse volk) gehad. 'n Bepaalde groep kon simpatiek teenoor die regering van die dag gestaan het of dit kon 'n kritiese houding teenoor die samelewing en leierskap inneem. So 'n relatief onafhanklike godsdienstige groep het probeer om die gemeenskap (waarvan ongeveer 97% in die Griekse-

Romeinse periode 'ongeletterd' was en nie kon lees of skryf nie) te beïnvloed deur 'n 'kanon' van heilige boeke op te stel, skole te vorm om die tekste te interpreteer, opvoeding daar te stel om kennis oor hulle standpunte te versprei en om by hulle volgelinge 'n beeld te skep van 'n simboliese en sosiale wêreld wat met hulle eie ooreenkom.

Die konflik tussen die onderskeie groepe in die Jodedom, soos ons daarvan in die post-eksiliese kanonieke en apokriewe geskrifte en ook in Josefus verneem, is 'n aanduiding van die stryd tussen hierdie onderskeie groepe om beheer oor die Jodedom en die belangrikste simbole daarvan (soos veral die tempel) te verkry. Van hierdie strydende groepe was die Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes, soos ons hierbo gesien het, maar net 'n paar.

Om die gevaar te vermy om moderne sosiale verskynsels net so oor te dra op die sosiologiese wêreld van die antieke tyd, is veral sosiologiese studies oor die rol van die begrippe 'status' en 'klas' in die voorindustriële Mediterreense wêreld nodig. Daar is geleerdes wat beswaar maak teen die feit dat moderne sosiologiese teorieë gebruik word om die eerste-eeuse sosiale konteks te bestudeer. Ten spyte van hierdie kritiek, kan die gebruikmaking van sosiologiese modelle van groot waarde wees om heelwat van die aspekte van die konteks van byvoorbeeld die Nuwe Testament wat verwaarloos of nog onontgin is, raak te sien. Natuurlik moet ons altyd bereid wees om te aanvaar dat die lees van die tekste self ons teorieë en modelle kan verander. Dit is veral die kulturele antropoloog, Gerhard Lenski, wat 'n teoretiese klassistiem (hy noem dit 'sosiale stratifikasie') ontwerp het om die sosiale verbande in agrariese samelewings aan te toon. Die Hellenisties-Romeinse ryk is 'n voorbeeld van so 'n samelewing. Sy werk dien as ons oriëntasie met betrekking tot die raamwerk van ons beskrywing van die plek van groepe soos die Fariseërs en die Sadduseërs in die eerste-eeuse sosiale konteks. Omdat hierdie groepe in verskillende soort relasies tot ander groeperings gestaan het, sal ons ook gebruik maak van meer verfynde sosiaal-wetenskaplike modelle (soos die 'patron-client' model) om die sosiale dinamika te probeer peil wat grondliggend lê aan die verwysings in byvoorbeeld die Sinoptiese Evangelies na die Fariseërs, Sadduseërs en dies meer. Wanneer 'n mens bloot konsentreer op die *oppervlak* van die Bybelse bronne en Rabbynse literatuur sal ons hierdie groepe se dinamiese plek in die groter sosiale strukture in die samelewing nie kan ontsyfer nie. Deur middel van sosiaal-wetenskaplike modelle word daar egter wel aandag gegee aan aspekte soos groepsvorming, die handhawing van sosiale grense, eer en skande, verskillende belange wat op die spel is en die assosiasie daarvan met onderskeidelik bepaalde belangegroepes, sosiale bewegings en verskillende koalisië en faksies.

'n Groep wat 'n bepaalde *status* beklee het, was gewoonlik 'n familiële groep of koalisie/faksie/sekte wat as 'n denkbeeldige 'familie' (*fictive kinship*) gefunksioneer het. (Mafia-organisasies met Italiaanse agtergrond is goeie voorbeelde in ons eie tyd van sulke 'koalises' wat onder die beheer van 'n *godfather* na analogie van die vorm en belange van 'n 'uitgebreide familie' 'n *fictive kinship* uitmaak.) Dit kom dus nie as 'n verrassing nie dat statusgroepe in die Mediterreense situasie dikwels etniese en godsdienstige groepe was wat sosiale mag besit het.

Die elite vorm die hoogste *klas* in die samelewing. Met hierdie opmerking kan die indruk nou geskep gewees het dat die elite as groep 'n klas is. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die grense tussen klas en groep in der waarheid baie vaag is. So het sommige priesters in die Joods-Mediterreense samelewing aan dieselfde 'hoë' klasse behoort as die politieke regeerders en die groepe wat met betrekking tot die regeerders as ondersteunende klas (die sogenaamde '*retainers*') gefunksioneer het. Maar ander het as kleinboere (dikwels sonder om self grond te besit) of ambagslui aan die 'laer' klasse behoort. Grondbesitters kon ryk en nasionale leiers wees. Maar hulle kon ook klein, plaaslike leiers wees. Wat belangrik is om te onthou, is dat kulturele antropoloë daarop wys dat *klas* en *status* in die verlede en in die hede die oorsaak vir stratifikasie in die samelewing was en is. Die konstruksie van die sosiale stratifikasie waarvan hier gepraat word, is gemaak deur antwoorde op die volgende drie vrae te gee: Wie is diegene wat meer en wat minder (of glad nie) middele in die eerste-eeuse Joodse samelewing besit het? Hoe het groepe ontstaan? Wat is die hiërargiese posisies van hierdie groepe?

Middele kan driedelig van aard wees: materiële rykdom, mag om ander groepe te domineer en eer/prestige wat meebring dat ander jou respekteer. Ongelykheid in agrariese samelewings is veral deur 'n ongelykheid met betrekking tot eer/prestige bepaal en dit het weer op 'n afgeleide wyse 'n ongelykheid in mag en rykdom veroorsaak. Ons moet egter onthou dat hierdie drie faktore nie altyd op alle plekke ewe belangrik was nie. In klein gemeenskappe binne 'n ontwikkelde agrariese (*advanced agrarian*) samelewing speel prestige 'n groter rol, maar in groot gemeenskappe is rykdom weer meer bepalend. Om die posisie en die onderlinge sosiale verbande van groepe soos die Fariseërs en die Sadduseërs in die eerste-eeuse Joodse samelewing te bepaal, behoort ons dus die breë kategorieë van rykdom, mag en prestige in ag te neem.

4. DIE KONSEPTE 'KLAS' EN 'STATUS' IN DIE EERSTE EEU

Die gebruik van die begrip 'klas' laat 'n mens dadelik aan die dialekties-historiese materialisme van Karl Marx dink en aan sy insigte in die wyse waarop sosio-ekono-

miese hiërargieë in die industriële samelewing georganiseer en ideologies bepaal was. Om die verskynsel van die hiërargieë van klasse in die samelewing egter slegs in terme van materialistiese idees te verstaan en boonop vanuit die perspektief dat die ekonomie die mees dominante dryfkrag agter alle sosiale interaksies is, kan aan die tegnokratiese era van die twintigste eeu reg geskied, maar beslis nie aan die ontwikkelde agrariese samelewing van die eerste-eeu se Mediterreense sosiale konteks nie.

Wat spesifiek die Romeinse situasie betref, was 'klas' aanvanklik by wyse van wetsmaatreëls gereël. Klasse is volgens die wet in duidelike hiërgariese orde gedefinieer. 'n Samelewing kan egter wel op die oppervlak deur regulasies georganiseer word, maar dieperliggend is ander kragte (en ideologieë in die pejoratiewe sin van die woord) werksaam – die sogenaamde 'valse bewussyn' waarvan Karl Marx gepraat het. So gesien, is byvoorbeeld wette (en ander sosiale maatreëls) dikwels die legitimerende manifestasies van meer grondliggende en selfs onsigbare en versweë voorkeure wat sosiaal-dinamies van aard is. Vanweë die pejoratiewe en selfsugtige aard van dié ideologiese voorkeure en belange, ontken ons dikwels die bestaan en dominante invloed daarvan in ons lewe, gedagte en optrede. Ideologie funksioneer, so gesien, as 'n 'valse bewussyn'.

Die wyse waarop die aristokrasie (adelklas) in 'n agrariese samelewing spontaan gevorm en gefunksioneer het, het die aard van die klassistiese in die eerste-eeu se Mediterreense wêreld bepaal. In terme van die aristokrasie het geboortelike herkoms en familiale belange 'n sterker ideologiese rol vervul as wat sigbaar was op die oppervlak van die samelewing wat deur wette en regulasies georden is. As sodanig het die aristokrasie as groep nie enige politieke mag of wettige status in die agrariese samelewing gehad nie. Die mag wat hulle besit het, is daaraan toe te skryf dat hulle 'n bepaalde statusgroep was. Sosiale status het in 'n agrariese samelewing (baie meer as in vandag se geïndustrialiseerde konteks) tot mag en rykdom gelei. Klas gebaseer op rykdom was minder belangrik as sosiale status, omdat status (en nie klas nie) gewoonlik langdurige politieke mag en daarmee saam rykdom in die hand gewerk het.

In die voorindustriële wêreld van byvoorbeeld die Nuwe Testament het 'n mens dus wel ryker en armer klasse van mense aangetref. Dit is ook so dat hoe meer die agrariese samelewing weg van die hortikulturele situasie ontwikkel het, hoe duideliker het die verband tussen sosiale status en rykdom geword. In so 'n *ontwikkelde agrariese* konteks (soos dié van die Nuwe Testament) was die ekonomiese en sosiale klassistiese egter steeds deel van die groter sosiale sisteem waar familiale status belangriker was. Op die oppervlak kan dit dus lyk of politieke posisies en geld as statussimbole geag is. Dieperliggend egter het familiale strukture aanleiding

tot bepaalde status gegee wat op sy beurt tot politieke mag en rykdom gelei het. Om tot die aristokrasie te behoort, het dus sosiale status bepaal. Hoewel die dominante rol van familiële strukture binne die konteks van die sogenoemde 'ontwikkelde agrariese' samelewing, soos byvoorbeeld die eiesoortige organisasie van die 'uitgebreide familie' in 'n bepaalde dorpie as 'n *close unit*, in 'n sekere sin stadigaan aan't verdwyn was, het die aristokrasie steeds die onderliggende dominante sosiale stuktuur gevorm wat politieke mag en materiële besit moontlik gemaak het.

So gesien het familiële strukture as die versweë 'ideologie' gefunksioneer terwyl brute politieke en juridiese mag (soos die Romeinse imperialisme) op die oppervlak die septer geswaai het. 'n Mens kan dit vergelyk met die rol wat die ekonomie in die twintigste eeu in die sogenaamde ontwikkelde lande van die eerswêreld inneem. In sulke 'demokratiese' lande het politiek as 't ware alles geword en is dit politici wat mag oor die lewe van mense uitoefen. Politieke posisies is derhalwe ook statussimbole. Tog vorm die ekonomie die dominante struktuur waarvan die politikus se sukses grootliks afhanklik is. Hoewel politieke maghebbers nie noodwendig die rykste mense in die samelewing is nie, bepaal ekonomiese kragte die uitvoerbaarheid van die politikus se beleid. Om dus tot 'n politieke magposisie verkies te word in 'n demokratiese land soos die Verenigde State van Amerika eis 'n beleid wat ekonomiese welvaart in die hand kan werk. Die sogenaamde 'brood en botter' sake bepaal met ander woorde of die volk iemand tot 'n politieke magposisie sal verkies of daarvan sal onttroon. Die ekonomie maak dus die 'valse bewussyn' uit en bepaal ook sosiale status in die samelewing.

In die eerste-eeuse Mediterreense wêreld was dit egter nie die ekonomie wat die dominante instelling in die samelewing gevorm het nie, maar die familie. Status is dus bepaal deur burgerskap en familie. Rykdom was belangrik vir iemand wat in 'n hoë klas beweeg het, maar rykdom kon hom nie daardie hoë status gee nie. In teenstelling hiermee kon sosiale status iemand deel maak van 'n hoë klas waar rykdom en mag bekom kon word. Status en mag was dus belangriker as rykdom.

Dit is weer eens belangrik om daarop te wys dat die fout nie gemaak moet word om die begrippe 'klas' en 'status' ongedefinieerd te gebruik nie. Persone van verskillende klasse moet dus nie in 'n hiërargie van sosiale statusse geplaas word nie. Daar moet eerder relasioneel na klas en status gekyk word. So behoort daar gekyk te word na die sosiale verhoudinge wat status meebring en nie na 'n bepaalde status se eienskappe wat die verhoudinge daarstel nie. Sake soos die verhouding tussen werkgewer en werknemer, skuldenaar en skuldeiser, verskaffer en verbruiker en werker en nie-werker is daarom van belang. So was die klas van skuldenaar, byvoorbeeld, soms redelik permanent asook die status van grondeienaars. Laasge-

noemde kategorieë behoort ook in ag geneem te word in die definiëring van klas en status, omdat dit veral kruis-kulturele vergelykings moontlik maak.

Omdat die begrip *mag* telkens na vore kom in definisies van sosiale klas en status, is 'n verduideliking van die begrip 'mag' nodig. Aan die hand van sosiale 'handelingsteorieë' (kyk bv die Frankfurtse skool waarvan iemand soos Jürgen Habermas 'n belangrike eksponent is) word vier simboliese media van interaksie in die samelewing onderskei, te wete geld, mag, lojaliteit (*commitment*) en beïnvloeding deur kennis.

Wat *geld* betref, het ekonomiese transaksies in hortikulturele samelewings (en ook tydens die oorgang van die hortikulturele fase na 'n agrariese samelewing) plaasgevind deur middel van die direkte uitruil van goedere en was geld byvoorbeeld nie nodig nie. Toe ekonomiese handel egter meer ingewikkeld geword het, was 'n simboliese medium nodig om ekonomiese verhoudings te reël. Geld is, so gesien, simbolies en het intrinsiek geen waarde nie. Dit simboliseer egter fisiese middele wat waarde het. Geld funksioneer dus as 'n simboliese medium omdat iemand wat iets verkoop en daarvoor geld kry, saam met die samelewing aanvaar dat hy weer op sy beurt met die geld iets anders kan gaan koop.

Mag (nie brute afdwingende mag nie) is op sy beurt weer 'n simboliese medium vir interaksie in die samelewing. Dit is iets wat gebruik kan word om mense sekere dinge te laat doen, omdat hulle die mag aanvaar wat oor hulle heers. Hierdie mag is simbolies omdat dit sosiale legitimasie geniet deur middel van byvoorbeeld wette, kultuur of enige ander sosiale aanvaarding. So word mag gebruik om sosiale doelwitte te bereik, soos byvoorbeeld om orde te handhaaf, om nuwe sosiale aktiwiteite tot stand te bring of om beter vir die samelewing te sorg. Laasgenoemde situasie het veral gegeld wat betref die Romeinse owerhede en in 'n mindere mate die Joodse familiehoofde, priesters, groot grondbesitters en hoë amptenare.

Wat *lojaliteit* betref, ondersteun dit die begrip 'mag' soos ons dit hierbo beskryf het. Algemene lojaliteite lê ten grondslag van dit wat 'n samelewing saambind. Kulturele of godsdienstige bindings lei byvoorbeeld daartoe dat almal wat dieselfde binding het, doelgerig vir dieselfde resultaat werk. 'n Persoon se integriteit, sy eer of skande en sosiale posisie hang daarom ook af van die mate waartoe hy bereid is om sy *commitments* na te kom. Die funksie van lojaliteit is daarom in die meeste gevalle om sekere kulturele patrone in die samelewing in stand te hou. Die Fari-seërs en die Sadduseërs het byvoorbeeld hulle gedagtes probeer oordra deur 'n be-roep te doen op die Jode se binding aan hulle etniese, partikularistiese Joodskap teenoor 'n steeds groeiende universeel-georiënteerde Hellenisme.

Bepaalde *beïnvloeding* kan ook interaksie onder mense teweegbring omdat dit 'manipulasie' deur middel van kennis simboliseer. Wanneer 'n persoon as betrou-

baar en ingelig beskou word, beïnvloed hy/sy ander omdat hulle meen dat hy/sy op grond van sy/haar kennis die beste raad en leiding kan gee. Deur middel van beïnvloeding word ook norme en wette geïnterpreteer en word daar voorgeskryf hoe bindings nagekom, hoe mag bekom en hoe geld gebruik behoort te word. Die 'kanoniseringsproses' van normatiewe dokumente (geskryfte wat dus op gesag aanspraak maak) in 'n wêreld waar net 3% van die bevolking (min of meer die persentasie wat die regerende klas in die eerste-eeuse Joodse samelewing uitgemaak het) 'geletterd' was, kan daarom ook in die lig van hierdie sosiale dinamika verstaan word. Die feit dat die wydverspreide teenwoordigheid van die Romeinse weermag (dink byvoorbeeld aan al die inskripsies op wapenrusting, die amptelike dokumente waarvan soldate die koeriers was en die groot getal testamente wat soldate nagelaat het) die grootste enkele bron van geletterdheid in die Grieks-Romeinse periode was, is teen hierdie agtergrond van hoe samelewings deur magsinstellings beïnvloed was, ook nie so toevallig nie. Daarby is dit opvallend dat muntstukke in daardie tyd die mees voorkomende 'literêre dokumente' was (dink aan die inskripsies daarop en ook daaraan dat ons kennis daarvan veral te danke is aan die groot getal grafte van Romeinse soldate met baie groot hoeveelheid geld daarin wat deur argeologiese opgrawings blootgelê is) waarmee die 'ongeletterde' mense in kontak gekom het en terselfdertyd daardeur in die vorm van belastings geëksploiteer is. Verwysings in die kanonieke evangelies na strikvræ oor die moontlike weiering van die verpligte betaling van belasting aan die keiser of die tempel behoort teen onder andere hierdie agtergrond geïnterpreteer te word.

Ons sluit hierdie deel van ons sosiaal-wetenskaplike besinning oor Joodse groepe af deur die volgende samevattende opmerkings te maak: Groepe soos die Fariseërs en die Sadduseërs behoort gesien te word as deel van die Joods-Palestynse samelewing. Hierdie samelewing verskil aansienlik van huidige Westerse samelewings. Wanneer begrippe soos klas, status en mag met betrekking tot die Fariseërs en die Sadduseërs ondersoek word, behoort dit in terme van die die breër konteks van die eerste-eeuse Mediterreense samelewing gedoen te word.

5. 'N ONTWIKKELDE AGRARIESE SAMELEWING

Die Jode in Palestina het gedurende die eerste eeu in 'n ontwikkelde agrariese samelewing geleef wat deel was van 'n groter agrariese, burokratiese en gedeeltelik gekommersialiseerde aristokratiese ryk. Dit was 'n oorgangstydperk toe geld in die vorm van muntstukke simboliese waarde begin kry het en die besit, versameling en redistribusie daarvan uitdrukking van eer/prestige en mag begin word het. Ons moet egter onthou dat simboliese waardes in 'n dialektiese verhouding met sosiale

waardes soos familiale en politieke belange staan. Ons het ook reeds gesien dat godsdienstige waardes in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld hierby ingebed was. In 'n ontwikkelde agrariese samelewing het dit begin gebeur dat eer-en-skande (wat met hierdie familiale, politieke en godsdienstige waardes te doen het) ook deur geld – wat simboliese uitdrukking van eer en mag begin word het – bepaal is. En dit het veral te doen gehad met wie geld besit, hoe dit en van wie dit bekom en aan wie en hoe dit weer uitgedeel is.

In vergelyking met die vroeëre hortikulturele samelewings het die agrariese samelewing meer gevorderde boerderymetodes, veral die ploeg, aangewend. Groter bevolkings het begin voorkom. 'n Groter landbousurplus is geproduseer en 'n groter en meer dominante leiersklas het vorendag getree wat beter georganiseerd was en meer gesentraliseerd aangetref is. Anders as die later industriële samelewings is die agrariese samelewing gebaseer op die landbou terwyl die handel 'n kleiner rol speel. Rykdom en mag is oneweredig verdeel en was in die hande van 'n klein groepie mense.

Sosiale klasse is streng hiërargies georden. Eintlik word net twee klasse aange-tref. Aan die een kant was daar die *werkers/boere/arbeiders*. Hulle het die voedsel en middele geproduseer wat vir die samelewing nodig was. Aan die ander kant was daar 'n klein *elite-leiersklas* wat in 'n soort beskermheerposisie as 'patrons' die eersgenoemde klas as 'clients' teen agressie van buite beskerm het. 'n Mens kan hierdie verhouding tussen die elite en die nie-elite beskryf as 'n verhouding tussen 'n beskermheer/weldoener en 'n onderdaan/afhanklike. Vanuit 'n ekonomiese hoek gesien, berus hierdie verhouding op die beginsel van 'gee-en-ontvang', ofte wel 'resiprositeit'. Die elite het geleef van die landbousurplus wat die boere geproduseer het. Aan die ander kant was dit deel van die sosiale rol van die elite om die boere te beskerm sodat hulle ongestoord die oorskotte kon produseer. Oorskotte het bestaan uit middele soos plaasprodukte, klere en eenvoudige gereedskap en imple-mente. Die feit dat 'n weldoener in die samelewing eer ontvang, is dus bepaal deur die feit al dan nie of hy sy rol as beskermheer teenoor sy afhanklike vervul het. Vanuit die perspektief van resiprositeit voorsien die 'patron' beskerming in ruil vir eerbetoning deur die 'client' wat oorskotte produseer (somsyds deur die belasting-stelsel daartoe verplig). Die 'patron' leef van die surplus, maar is ook weer verplig om aan hulpbehoewendes in die samelewing uit te deel. Ekonomiese redistribusie berus dus op die beginsel van *providentia* wat op sy beurt weer ingebed is in die beginsel van resiprositeit. 'n Weldaad deur 'n *patron* skep 'n ketting van verplig-tinge: Die *client* as ontvanger het die verpligting om deur middel van eerbetoning op die gawe te reageer wat die *patron* weer onder verpligting van verdere versorging plaas. Deel van die verpligte loyaliteit wat 'n *client* teenoor sy *patron* binne Romein-

se politieke strukture moes betoon, was om onder andere die weldoener se belange in die πολιτεία te bevorder. Tog was die onderskeie leefwêreld van die elite en die nie-elite ver van mekaar verwyderd.

Surplusse is egter nie altyd spontaan geproduseer nie, omdat die boere geneig was om net genoeg vir eie gebruik te produseer. Daarom moes die elite somtyds gebruik gemaak het van veral belasting om die boere sover te kry om oorskotte te produseer. Belasting op oeste was ongeveer dertig tot sewentig persent. Hierdie feit het bygedra tot ernstige sosiale krisisse in die eerste eeu op Palestynse bodem. Ons moet onthou dat die eerste-eeuse Mediterreense samelewing beskryf kan word as 'n situasie waarin dinge van waarde slegs beperk beskikbaar was. Dit het in die eerste plek eer en prestige gegeld, en die simbole hiervan. Dit was vir min in die samelewing beskore om status te beklee en derhalwe as eervol gebore te word of om eer te verwerf. Nie net was eer dus 'n *limited good* nie, maar ook die ander sake in 'n ontwikkelde agrariese konteks wat op die oppervlak van die samelewing as simbole van eer begin funksioneer het. Ons het hierbo gesien dat dit aspekte geraak het soos finansiële besittings (geld), mag en posisies/middele waarmee beïnvloeding kon plaasvind. Afgesien van die verarming van boere wat deur ondraagbare belastinglaste veroorsaak was, was die *peasant*-gemeenskappe, selfs onder die beste omstandighede, in kompetisie met mekaar (families as sodanig en selfs lede in 'n bepaalde familie onderling) ter wille van 'n stryd om die verkryging van die beperkte middele. Daarom word daar dikwels na die agrariese samelewing as 'n 'agoniese' (sterk wedywerende) samelewing verwys. Politieke inmenging van die kant van regerende elites het die gesonde wisselwerking van hierdie wedywering sterk aan bande gelê deurdat die vryhede van onderhoriges baie ingeperk was.

Die elite het nooit self handarbeid gedoen nie maar, soos ons hierbo daarop gewys het, van die oorskotte van die boere geleef terwyl hulle na die algemene belange van die owerheid omgesien en ook sekuriteit aan ondergeskiktes verskaf het. Omdat die meeste van die elite hulle mag deur militêre oorwinnings verkry het, was die meeste van die owerhede gedra deur middele wat verkry is deur militêre oorname. Gewoonlik het die elite hulle leiersposisies behou deur middel van die hulp van ondersteuners (*retainers*). Laasgenoemde was gewoonlik stedelinge. Onder hulle is soldate, opvoeders, godsdienstige funksionaris en opgeleide vakmanne aangetref. Ook sekere faksies het, soos onder andere die Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes (daar was egter ook uitsonderings onder hierdie groepe), tot die ondersteunende klas behoort.

Die elite en die ondersteunende klas het nooit meer as vyf tot sewe persent van die bevolking uitgemaak nie. In vandag se wêreld word hierdie funksies gewoonlik deur die middelklas uitgeoefen, maar in die agrariese samelewing het die onder-

steunende partye nie absoluut-onafhanklike politieke mag gehad nie. Die ondersteunende klas was afhanklik van die Romeinse en Herodiaanse regeerders. Alleen in sover hulle sekere van die elite se voordele en leierskap gedeel het, kan hulle as 'n deel van die leiersklas beskou word. Dit was egter wel moontlik om onder sekere voorwaardes volledig in die leiersklas opgeneem te word.

Die elite het veral politieke mag (m b v die perd, krygswa en wapenrusting) en 'n goeie landbousisteem (ysterploë en besproeiingsisteme) nodig gehad om aan bewind te bly. Oorskotte wat deur middel van belasting ingesamel is, is in 'n sentrale stoor versamel en dan uitgedeel op grond van status en klas. Dit het selfs ten tye van militêre optredes gebeur dat die elite alle produkte opgeëis het. Hierdie situasie het dan ook daartoe gelei dat die leiersklas alle mag in eie hande gehad het. 'n Westerse markeconomie het met ander woorde nie bestaan nie en die boere kon nie produseer en self verkoop nie. Die elite het omtrent alle middele beheer.

In die stad het die regerende klas, saam met diegene wat deur hulle ondersteun is, gewoon. Politieke en godsdienstige mededinging het ook hier begin. Jerusalem, Sefforis en Tiberias was voorbeelde van sulke stede. 'n Mens kan ook na hulle verwys as 'belangeruimtes', omdat hierdie stede besonder nou geassosieerd was met die ideologiese belange van die inwonende elite en die ondersteunende klas. Ons tref hierdie funksionele rol van stede aan in sowel die narratiewe wêreld van die onderskeie kanonieke evangelies as in die breë sosiale wêreld wat deur middel van hierdie evangelies se verhaalstrukture verbeeld is. Net soos sekere groepe in die samelewing (of karakters in die verhaalstruktuur van die onderskeie evangelies) het hierdie stede simbole geword van bepaalde ideologiese belange. Dit is daarom moontlik om personifiërend na die funksies van hierdie stede te verwys, omdat hulle as simbole dien van bepaalde belangegroepes wat in die eerste-eeuse Palestynse konteks aangetref is en op 'n bepaalde narratiewe wyse in die kanonieke evangelies verbeeld is. Jerusalem in Judea, maar ook Sefforis en Tiberias in Galilea, was stede waarmee die elite en die ondersteunende klas geassosieer was. Die funksies van die genoemde stede was administratief, politiek, militêr, godsdienstig en opvoedkundig. Stedelinge was uit die aard van die saak nie landbouers nie. Oor die algemeen kan hulle gesien word as ondersteuners van die Romeinse (en die Herodiane in Galilea) as die regerende klas se aktiwiteite. Gewoonlik het die klasse wat die regerende klas bygestaan het, dus in die stede soos Sefforis en Tiberias gewoon. Die meeste inwoners was daarom ook burokrate, plaaslike godsdienstige leiers, ambagslui en handelaars. Stedelinge het egter nie 'n soort middelklas gevorm nie (daar was geen 'middelklas' in die eerste-eeuse Mediterreense samelewing nie). Hulle het as 'n groep geen saambindende band of mag gehad nie. Onder die inwoners was ook mense uit die laer klasse wat op hulle beurt weer in terme van 'n 'patron-client'-ver-

houding direkte funksies vir die regerende klas gelewer het. Mense van die laer klas se woonplek in die stad was tot sekere areas beperk. *Peasants* het nie in die sentrum van die stad gewoon nie, maar in die dorpie. Dorpie was dikwels nedersettings rondom die (dikwels ommuurde) sentrum van stede. Boere, ambagslui en ander persone vanuit die laer klasse het bedags van die dorpie af deur die stadshukke die stadsentrum (waar die mark en wat Jerusalem betref, ook die tempel – in groot mate 'n ekonomiese instelling – geleë was) binnegegaan vir ekonomiese en religieuse doeleindes. Die bymekaarkom van skares in die stede wat duidelik nie ondersteunende interaksie met die elite in die oog gehad het nie, het dadelik ongemak by groepe en persone in magposisies gewek. Dit was derhalwe gewoonlik in die stede waar konflik tussen die belange van die elite en charismatiese leiers met skare volgelingen ontstaan het. Stad-platteland spanninge het dus dikwels voorgekom.

6. DIE KLASSISTEEM

Daar was nege belangrike subklasse in die agrariese samelewing: vyf wat deel was van die elite en vier wat deel was van die laer klas. Dit was nie die enigste subklasse wat voorgekom het nie, maar wel die belangrikstes wat die sosiale stratifikasie van die ontwikkelde agrariese samelewing uitgemaak het. Dié subklasse is:

- *Die leiers*: Hulle was diegene met baie mag en grond, en het al die klasse beheer deur belasting. Die Hasmoniërs, Aleksander Janneus en Johannes Hirkanus, was sulke leiers.
- *Die regerende klas*: Hulle was omtrent een tot twee persent van die bevolking, bestaande uit aristokrate (gebore uit adelike families) en aangestelde burokrate. Sterk leiers het gewoonlik hierdie persone aangestel. So byvoorbeeld is Herodes die Grote in 40 v C deur die Romeinse keiser en senaat as 'koning van die Jode' aangestel hoewel hy van Idumese etnisiteit afgestam het en nie van Joodse nie. Hierdie posisies kon ook gekoop word. Politieke mag het rykdom voorafgegaan en nie andersom nie. Gewoonlik het rykdom op politieke mag gevolg en het die verlies aan rykdom gedui op die reeds bestaande verlies aan politieke mag. Van die priesterhoofde het onder hierdie klas geval, asook van die groot grondbesitters, erkende familiehoofde (= 'oudstes') en belangrike amptenare.
- *Die ondersteunende klas ('retainers')*: Ongeveer vyf persent van die bevolking het hierdie klas uitgemaak. Hulle het die soort lewe van die elite gedeel, maar nie die mag gehad nie. Godsdienstige leiers in Jerusalem, soos die hoëpriester,

priesterhoofde en familiehoofde wat die lede van die Sanhedrin gevorm het, kan as behorende tot hierdie klas beskou word. Indien die regerende klas nie baie sterk was nie, of die land regeer is deur militêre owerhede (wat ook in hierdie klas geval het), was die godsdienstige leiers taamlik gesagvol. Die vertellinge in die kanonieke evangelies oor die verhoor van Jesus skep ook die indruk dat die godsdienstige leiers in Jerusalem wel aansienlike mag besit het. Hierdie leiers het veral tot die party van die Sadduseërs behoort. Maar ook sekere Fari-seërs, skrifgeleerdes, die Leviëte en die tollenaars het deel van die ondersteunende klas uitgemaak. So gesien, was van hierdie groepe deel van die komplekse leierskap in Jerusalem in die eerste eeu. Hulle was as ondersteunende klas afhanklik van die rykdom en gawes van die regerende klas. Hulle was met ander woorde nie net ambagsmanne soos sommige geleerdes vroeër gemeen het nie. Status het in elk geval die belangrikste rol gespeel en nie rykdom nie.

- *Handelaars*: Hulle het hulle in 'n posisie tussen die hoë en laer klasse bevind, omdat die leiers en regerende klas hulle goedere nodig gehad het.
- *Priesters*: Soos die ondersteunende klas was hulle afhanklik van die regerende klas. Die leiers van die priesters was soms deel van die regerende klas en het somtyds groot rykdom besit omdat hulle die tiendes hanteer het. Hierdie rykdom was egter relatief, omdat die regerende klas dit kon opeis indien hulle sou wou. Hulle het sterk met die regerende klas vir mag gekompeteer en het in hierdie wedywering hulle daarop beroep dat hulle 'n 'ander' outoriteit gehad het wat nie van hierdie wêreld was nie. Somtyds was hulle baie dominant, soos in die tyd van die Hasmoniërs.
- *Grondlose plattelanders ('peasant'-gemeenskappe)*: Die grootste deel van die bevolking het uit hierdie klas gekom. Hulle het landerye verbou en handwerk verrig. Hulle is somtyds, soos ons vroeër daarop gewys het, met 30-70% op hulle oeste en ware belas.
- *Ambagslui*: Hulle het geen mag gehad nie en was slegs belangrik waar die regerende klas hulle dienste nodig gehad het. Josef (die man wat volgens die Matteus- en Lukas-evangelies Jesus as sy kind aangeneem het), Jesus self volgens die Markus-evangelie, Paulus en die dissipels wat uit die vissersgemeenskap gekom het, was deel van hierdie klas.
- *'Onrein' klas*: Hulle was net goed vir onrein werk, soos leerlooierij en werk in myne.
- *Gepeupel ('expendables', 'bandits' en 'brigands')*: Hierdie klas het ongeveer 5-10% van die bevolking uitgemaak, het geen plek in die samelewing gehad nie

en het hulle gewoonlik gewend tot roof en ander onwettige aktiwiteite. Baie van hulle was *peasants* wat hulle grond verloor het of ambagslui wat om een of ander sosiale ostraserende rede nie hulle beroep kon beoefen nie.

Die begrip 'klas' kan met ander woorde handig gebruik word om te kyk na die verskille tussen die onderskeie sosiale klasse in die Joodse samelewing. Dit sê egter niks van die onderlinge verskille en netwerk van verhoudinge in die klasse self nie. Ook bied bogenoemde klassistiem ons nie die antwoord op die bron van byvoorbeeld die Sadduseërs en Fariseërs se inkomste nie. Om hierdie rede moet daar eers gekyk word na die hart van die Joodse samelewing op Palestynse bodem, te wete die *dorpie* en die sosiale relasies in die dorpie.

7. SOSIALE BETREKKINGE EN GROEPE IN PALESTINA

Die kanonieke evangelies lokaliseer gewoonlik die Fariseërs en skrifgeleerdes in die dorpie van Galilea. Netwerke wat dorpie en stede op 'n bepaalde manier laat funksioneer, is dus van groot belang om die onderskeie rolle van byvoorbeeld die Fariseërs en die Sadduseërs te verstaan. In die verlede is verskillende groepe dikwels op abstrakte wyses deur middel van klasonderskeidings saamgegooi. Ons vind dat so 'n abstrakte benadering gewoonlik nie ingaan op die karaktertrekke van groepe soos geboorte, vriendskap, begunstiging, kompetisie vir eer/prestige, kodes van eer en skande en kommunale norme nie. Studies wat egter wel met hierdie aspekte rekening hou, het bevind dat sekere individue gelyktydig aan 'n bepaalde klas, familie, territoriale groep, vrywillige groepe asook koalisies en faksies (ter wille van mag en inkomste) kon behoort het. So het die Joodse samelewing onder andere uit die Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes, Esseners, volgelingen van Jesus, Selote (daar 'n sterk moontlikheid dat hierdie groep nie die militantes was, soos daar baie keer gemeen word nie maar slegs godsdienstige yweraars vir die handhawing van die Wet) en Sicarii bestaan. Sommige van hierdie groepe het partykeer die grense van die uitgebreide familie (*extended family*) en dorpslewe oorskry en self 'n nasionale politieke rol gespeel.

7.1 Kleindorpse gemeenskap in Palestina

Ongeveer 90% van die inwoners van eerste-eeuse Palestina was boere en het soos die ambagslui in die dorpie gewoon. Soms was die dorpie, soos ons reeds daarop gewys het, nedersettings rondom groter stede. Die leiers van die dorpie was die familiehoofde (ofte wel 'oudstes') en ander erkende persone uit prominente families wat openbare eer besit het. In klein dorpie was hierdie leiers gewoonlik nie in een

liggaam saamgebind nie. Burokratiese amptenare en tollenaars kan ook as 'leiers' beskou word. Indien hulle egter 'vreemdelinge' was, was die dorpsmense teen hulle gekant en indien hulle vanuit die dorpie self was, was hulle as deel van die leierskorps van die dorpie beskou.

Daar is geleerdes wat meen dat die sinagoge, onder die leiding van die Fari-seërs, apart van die plaaslike leierskap gestaan en derhalwe sy eie magbasis in die dorpie gehad het. Hiervan is egter geen voldoende getuienis nie. Dit wil eerder lyk asof enige soort samekoms (*συναγωγή*) van die dorp se mense vir besigheid, feeste en ook gebed op die markplein of in die 'stadsaal' plaasgevind het, of in 'n kamer van een van die groter huise van 'n erkende familiehoof. Argeologiese getuienis dui daarop dat daar eers in die derde eeu n C aparte sinagoges as 'gebedshuise' ingerig of gebou is. Dit is ook te bevraagteken of klein, arm dorpies hulle eie Torarol of rabbi gehad het. Die prominente familiehoofde het hoogs waarskynlik die godsdiens oefeninge gelei, soos hulle ook die politieke sake gereël het. Politiek en godsdiens het dus in 'n sekere sin saamgevloei. Hierdie situasie verduidelik hoekom so baie van hierdie dorpies Jesus vyandig behandel het. As vreemdeling en as iemand met 'n skare volgelinge, afkomstig uit veral die *peasant*-gemeenskappe in die dorpies en ander 'onrein' groepe, het Jesus (net soos in die geval van Johannes die Doper) uiteraard die leiersposisie van die plaaslike familiehoofde bedreig.

7.2 Sosiale verhoudings

'n Analise van sosiale relasies wat samelewings bind en reël, stel ons in staat om agter te kom hoe samelewings in die eerste eeu gefunksioneer het. Daar moet egter onthou word dat sosiale- en groepsverhoudinge nie staties is nie, maar wel baie vloeiend. Daar is veral twee aspekte van sosiale interaksie, te wete eer en skande (*honor and shame*) en die beskermerheer-ondergeskikte (*patron-client*) wat ons in staat stel om meer te wete te kom van hoe die samelewing in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld gefunksioneer het.

7.2.1 Eer en skande

Eer was deel van iemand se status en het te make met 'n persoon se verhoudinge met diegene rondom hom. Eer was die hoogste tydelike ideaal in die samelewing. Eer het ook te make met sosiale aansien, en daarom was 'n kompetisie vir en die verdediging van eer baie belangrik. Die meeste boere was byvoorbeeld van dieselfde klas, maar kon aansien in sy eie klas kry deur meer eer te hê onder sy medeburgers van dieselfde klas. Iemand se posisie in die eer-sisteem het ook in 'n mate

die hoeveelheid van sy materiële besittings en invloed onder ander bepaal. Die Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes (en ook Jesus) se pogings om gesag onder die inwoners van die dorpie te verkry, moet in 'n bepaalde opsig gesien word as pogings om eer te verwerf. Die kriteria waarvolgens eer verkry en verloor word, is juis deur Jesus bevraagteken en in werklikheid omgekeer.

7.2.2 'Patron'-en-'client' verhoudings

Beide die Fariseërs en Jesus is waarskynlik deur die massas as 'beskermhere' gesien. Dit wil egter lyk asof die 'massas' in die geval van Jesus uit die 'onreines' en 'ontworteldes' bestaan het. Die hoof funksie van beskermhere was om ondersteuning aan die volgelinge/ondergeskiktes te verleen waar die gewone sosiale instellings nie ondersteuning kon verskaf nie. Ons het vroeër daarop gewys dat beskermhere en ondergeskiktes in 'n noue band van wedersydse verpligting teenoor mekaar gestaan het. In antieke samelewings het horisontale verhoudings gebaseer op interpersoonlike lojaliteit, binding en beïnvloeding 'n baie groot rol gespeel. *Patron-client* verhoudings het gewoonlik tot stand gekom tussen twee ongelyke partye (soos 'n baas teenoor 'n slaaf of koning teenoor onderdaan) wat hulleself volledig aan mekaar beskikbaar gestel het en gawes en gunste uitgeruil het soos dit nodig was. Veral wanneer sentrale institusies swak was, het hierdie verhoudings gefloreer. Die hele landboukultuur en ekonomie van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld waar die elite bestaan het op grond van die ondersteuning van die *retainers* sowel as van die surplus wat die *peasant*-gemeenskap geproduseer het, in ruil van beskerming, moet teen hierdie agtergrond gesien word. 'n Gesonde *patron-en-client* verhouding het derhalwe vereis dat die beskermheer sy volgelinge regverdig behandel. In die Evangelie van Lukas word die Fariseërs egter geteken as beskermhere wat mense van die laer klas uitbuit en beskerming weier terwyl Jesus op sy beurt hulle wel ondersteun. Die sukses van so 'n resiproke verhouding hang dus grootliks af van hoe die beskermheer optree. Waar 'n dorpie deel was van groter gebied en afhanklik was van die infrastruktuur van byvoorbeeld 'n stad, het dit somtyds gebeur dat van die dorpie se beskermhere as tussengangers (*brokers*) tussen die inwoners van die dorpie en die burokrasie in die stad opgetree het. So het die Fariseërs, as minder belangrike amptenare, soms ter wille van die volk by die hoër amptenare as bemiddelaars ingetree.

'n Groep wat rondom 'n beskermheer versamel het, kan gesien word as sy 'volgelinge' en in sekere gevalle is hulle 'dissipels' genoem. Dikwels het hierdie lede niks met mekaar in gemeen behalwe hulle verbintenis aan die beskermheer nie. Hierdie verbintenis het hulle egter wel na analogie van die organisasie van familiale

verwantskap laat optree. Ons verwys na so 'n koalisie of faksie as 'n 'denkbeeldige familie' (*fictive kinship*). Lidmaatskap van 'n faksie word dus nie deur biologiese verwantskap as voorwaarde bepaal nie. Die amptenare en ander ondergeskiktes van Herodus Antipas is 'n goeie voorbeeld van volgelinge wat rondom Herodus Antipas vergader was. Daarom word hulle in onder andere Markus 3:6 'Herodiane' genoem. Maar ook die dissipelkring van sowel Johannes die Doper as Jesus funksioneer as 'denkbeeldige families'. In onder andere Markus 3:31-35 word die 'familie' van Jesus as so 'n 'vrywillige' groepering geteken en waarvan die lidmaatskap nie noodwendig biologies bepaal is nie.

8. DIE OORSPRONG VAN SOSIALE GROEPE

Dit is juis as gevolg van die ontstaan en die bestaan van 'n hele aantal van sulke 'vrywillige' groeperings in die eerste-eeuse Joodse samelewing dat die konfliktpotensiaal, binne die raamwerk van 'n gekompliseerde sosiale stratifikasie, uitermate verhoog het. Die oorsprong van die ontstaan en die bestaan van faksies as 'denkbeeldige families', sowel as die moontlikheid van onderlinge konflik, behoort dus gesien te word teen die agtergrond van die klassistiese en die *patron-client* verhoudings wat in terme daarvan tot stand gekom het.

Die ontstaan van die Fariseërs, Sadduseërs en skrifgeleerdes in die Hasmoniese tydperk kan byvoorbeeld gesien word as die produkte van sulke normale sosiologiese prosesse. Die hele periode van Hellenisering (sedert Aleksander die Grote tot by die voltooiing van die Mishna) was vir die Jood 'n voortdurende proses van oorlewing. Dit 'n stryd om die behoud van hulle identiteit, hulle klem op monoteïsme, die Tora, die Sabbatdagviering, reinheid ensovoorts. Verskeie groepe het vir die behoud hiervan gestaan, maar van mekaar verskil oor hoe daar geleef moes word om dit alles te behou. In 'n sekere opsig het dit gegaan oor die perspektief op die wyse waarop die tempel die simbool van God se teenwoordigheid by die mense is. Die stryd om die beheer van die tempel was die wesenlike oorsaak van die ontstaan van die verskillende groepe in die Joodse samelewing.

Soos die samelewing al hoe meer gedifferensieerd en gestratifiseerd geword het, het verskillende *patron-client* groeperinge naas die gewone politieke en sosiale groepe tot stand gekom. Op die oppervlak van die samelewing het geboorte en die behorendheid tot 'n bepaalde familie nie meer 'n rol in baie van hierdie groepe gespeel nie, hoewel hulle hulle in *fictive kinship*-organisasie gegroeppeer het – 'n aanduiding dat die familie as instelling steeds die onderliggende ideologie gevorm het. Lede van sulke 'denkbeeldige families' is deur 'n gemeenskaplike doel of binding aan 'n beskermheer met mekaar verbind. Hierdie 'gemeenskap' word in die

Nuwe Testament (binne die raamwerk van wisselende verbande) dikwels met die Griekse woord κοινωvία beskryf. Grondliggend aan die band met mekaar as gevolg van 'n gemeenskaplike binding aan 'n derde party, is dus 'n bepaalde solidariteit en sosiale funksionering geleë.

8.1 Sosiale groepe

In die lig van ons bespreking sover kan ons 'n sosiale groep definieer as 'n groep wat dieselfde doelwit 'geïnternaliseer' het. 'n Formele sosiale groep bestaan met ander woorde uit persone wat gebind is aan dieselfde beginsel of doelwit. Hierdie sosiale groepering kan verdeel word in *nie-vrywillige* en *vrywillige* groepe.

'n Nie-vrywillige groep is byvoorbeeld 'n bepaalde familie of politieke hofhouding. Lidmaatskap hiervan kan as 'askriptief' beskryf word omdat dit deur veral geboorte bepaal word. In sommige gevalle kan so 'n (politieke) posisie verwerf word deurdat 'n persoon met hoër gesag (God, 'n koning of 'n aristokraat) iemand daarin kan aanstel. 'n Goeie voorbeeld hiervan en waarna ons reeds vroeër verwys het, is Herodes die Grote wat deur die Romeinse senaat in 40 v C as 'koning van die Jode' verklaar is, hoewel hy nie 'n Judeër van geboorte was nie, maar 'n Idumeër.

Ons het gesien dat 'n vrywillige groep ook tot stand kom deur die gemeenskaplike binding aan dieselfde beginsel of doelwit. In hierdie geval het ons egter te doen met meer beperkte doelwitte as in die geval van nie-vrywillige groepe. Wanneer doelwitte die patroon aanneem van 'n netwerk van ideale met 'n enkelvoudige en dominante perspektief, kan dit 'n 'ideologie' genoem word. Lidmaatskap van 'n nie-vrywillige groep kan as 'korporatief' bestempel word indien daar sprake is van 'n solidariteit aan 'n baie duidelike doelwit of netwerk van doelwitte. As so 'n eenduidige en allesoorheersende ideologie ontbreek, blyk die lidmaatskap van 'n nie-vrywillige groep as 'nie-korporatief' van aard te wees. In sulke gevalle word sulke groepe dikwels koalisies of faksies genoem. Koalisies of faksies is egter steeds bepaalde belangegroepe. Gemeenskaplike doelwitte word nagestreef. Tog is daar sprake van pluraliteit en verdraagsaamheid vir verskeidenheid. Die Sadduseërs en die Fariseërs in die periode voor die val van die tempel in 70 n C kan as sulke belangegroepe gesien word. Lede van verskillende belangegroepe (vrywillig of nie-vrywillig van aard) kan egter op 'n minder permanente basis en met meer beperkte doelwitte tydelike koalisies vorm. In die narratiewe wêreld van die Markus-evangelie vind ons byvoorbeeld dat daar van die Fariseërs was wat met die Herodiane en die priesterhoofde 'n koalisie gevorm het met die gemeenskaplike doelwit om van Jesus ontslae te raak. 'n Faksie is ook 'n vrywillige groep, maar anders in die geval van 'n koalisie word die lede deur één persoon gewerf en/of met mekaar verbind

deur die gemeenskaplike navolging van die idees van dié een persoon. Dit lyk asof die groepe waarvan daar in 1 Korintiërs 1:12-13 sprake is, as faksies bestempel kan word.

Ons kan ons bespreking oor die ontstaan en die bestaan van verskillende groepe in die eerste-eeuse Joodse samelewing soos volg saamvat. Die basiese sosiale groep was die nie-vrywillige groepe wat gevorm is op grond van veral geboorte en magsbelange. Familiële en politieke verhoudinge (in die *ontwikkelde agrariese samelewing* het ons dus nie met familiële verhoudinge alleen te doen nie), was in 'n sekere sin inklusief van aard deurdat dit lede van ander vrywillige groepe kon insluit. In die dorpie het die hoofde van prominente en erkende families en oudstes leiding geneem. Hulle was dikwels amptenare en beskermhare vir die volk. Hulle het regeer volgens aanvaarde norme en alle buitestaanders wat hulle mag en invloed bedreig het, sterk teengegaan. Eer-en-skande en die *patron-client* verhouding het hier 'n groot rol gespeel. Tog het vrywillige groeperinge in die eerste-eeuse Joodse samelewing ook 'n belangrike rol vervul, veral vrywillige groepe met bepaalde magsbelange. Die Sadduseërs en Fariseërs was voorbeelde hiervan.

8.2 Die Fariseërs en Sadduseërs as belangegroepe

Soos ons reeds in die begin van ons bespreking van die sosiale stratifikasie van die eerste-eeuse Joodse samelewing daarop gewys het, verraai Josefus se verwysings na die Fariseërs en Sadduseërs sy eie politieke belang. Sy berigte oor hulle word dus alleen in konteks van die politieke omstandighede en ontwikkelinge van sy tyd aangetref. Vir Josefus gaan dit oor politieke stabiliteit en sterk leierskap. Daarom word die Fariseërs en Sadduseërs positief beoordeel indien hulle hiertoe bydra en negatief indien nie. Omdat die Fariseërs in die na-70 n C periode 'n soort politieke rol vervul het en die Sadduseërs weer in die voor-70 n C periode, is dit soms maklik om die fout te maak om die Fariseërs van die voor-70 n C periode (voor die val van Jerusalem) ook as 'n politieke magsgroep te sien. Daarom gaan ons nou daartoe oor om op grond van die insigte van veral Jacob Neusner drie periodes te onderskei in terme waarvan ons telkens baie kortliks die Fariseërs en die Sadduseërs as belangegroepe sal kontekstualiseer.

8.2.1 Die Hasmoniese periode

Wat hierdie tydperk (142-37 v C) betref, beskryf Josefus die Fariseërs se rol, invloed en posisie teen die agtergrond van die regerings van Johannes Hirkanus (hoëpriester en etnarg gedurende 134-104 v C), Aristobulus I (hoëpriester en koning gedu-

rende 104-103 v C), Aleksander Janneus (hoëpriester en koning gedurende 104-76 v C) en Hirkanus II (as hoëpriester) en Salome Aleksandra (as koningin gedurende 76-67 v C).

Josefus tipeer die regeringstye van Hirkanus, Janneus en Salome as 'n stryd om mag tussen die regerende klas en die ondersteunende klas. In die tyd van Hirkanus wedywer die Fariseërs, as een van die groepe in die Jodedom, om die verkryging van mag. Verallyn die tyd van Salome 'regeer' hulle in 'n sekere sin die volk. Josefus sien dus die Fariseërs as 'n goed omlynde georganiseerde groep. Na Salome Aleksandra verloor hulle baie van hulle mag.

Bogenoemde tipering van die Fariseërs pas in by 'n agrariese samelewing se akkommodering van politieke groeperinge en sosiologiese faksies. Die Fariseërs tree deurentyd op as deel van die ondersteunende klas (bestaande uit burokrate, opvoeders en amptenare) met betrekking tot die regerende klas. Laasgenoemde kies klaarblyklik die groep uit wat hulle eie belange die beste kan dien, en by tye was dit die Fariseërs. Verallyn die tyd van Salome was die Fariseërs 'n baie sterk politieke belangegroep wat redelik mag uitgeoefen het.

8.2.2 Die Herodiaanse periode

In die tyd van Herodiaanse koninklike hofhouding (40 v C – 70 n C) het die Fariseërs steeds 'n faktor gebly, verallyn wat die Sanhedrin betref. By tye was hulle Herodus se ondersteuners, verallyn Samaias en Pollion in die tydperk voor die inval van Jerusalem in 70 n C. Daar was selfs Fariseërs wat bereid was om die eedswering teenoor Herodus af te lê. Later het hulle egter in koalisie met Feroras gevorm en so die haat van Herodus op hulle gehaal. In hierdie tyd tipeer Josefus die Fariseërs as 'n groep bestaande uit sesduisend persone.

8.2.3 Die periode na die val van Jerusalem

Wat hierdie tydperk betref, verwys Josefus na die Fariseërs verallyn in verband met voorvalle waar hulle nie meer die offers van die regeerder wou aanvaar nie. Uit hierdie gebeure kan ons aflei dat van die priesterhoofde, ander elite en ook van die Fariseërs deel van die regerende klas was. As groep het die Fariseërs as sodanig egter steeds geen werklike enige politieke mag gehad nie.

8.2.4 Opsomming

- * Die Fariseërs was in die Hasmoniese periode 'n politieke belangegroep en sommige van hulle was deel van die regerende klas. Slegs in die tyd van Salome het hulle as groep politieke mag gehad. Om na die Fariseërs as 'n politieke groepering (soos bv die Herodiane) te verwys is derhalwe misleidend. Eintlik was hulle 'n georganiseerde, vrywillige faksie wat deurentyd kontak met die regerende klas gesoek het. Dit wil lyk asof die Fariseërs in die tyd van Herodes die politieke arena verlaat het en hulleself begin sien het as 'n 'tafelgemeenskap'.
- * Josefus verduidelik nie die Fariseërs se presiese sosiale doelwitte en leerstellers nie, maar hulle oortuiging was duidelik gewild by die volk, veral in die Hasmoniese tydperk en in die tyd van Argelaos. Dit is egter veral op grond van die inligting in die kanonieke evangelies dat die oogmerke van die Fariseërs in die Herodiaanse periode gesien kan word as die replisering van die reinheidsmaatreëls met betrekking tot die tempel in die alledaagse lewe van die huishoudings van die laer klasse, ook op Galilese bodem.
- * In die tyd van Jesus was dit 'n ernstige dispuutpunt tussen die Sadduseërs en die Fariseërs of die tempelmaatreëls ook in die alledaagse lewe behoort te geld. Beide groepe se Godsbegrip was dat God as beperk teenwoordig by die mens voorgestel is. Die regulasies waarmee God as afwesig of as teenwoordig verklaar is, het uit die talle reinheidsvoorskrifte bestaan. Dit het veral die tempel, die tempeltoebehore, die tempelpersoneel en die aanbidders in die tempel geraak. Verminktes, gestremdes en heidene is byvoorbeeld as 'onreines' nie in die tempel toegelaat nie. Die Fariseërs se sosiale doelwitte het veral gewentel om die strewe dat die tempel en wat daarmee saamgaan, in die alledaagse lewe gerepliseer moet word. Hierdie replisering van die tempelgemeenskap na die alledaagse lewe het die religieuse implikasies gehad dat sosiale ostrasing geleentimeer is met die verklaring van Gods-vervreemding. Onrein en onvolmaakte mense, dinge en plekke is met ander woorde gesien as behorende tot buite die domein van die koninkryk van God. Sulke mense van sulke plekke wat hulle met sulke dinge bemoei, is die 'sondaars' wat in die mag van die demone is. Hulle is nie in die huise geakkomodeer en by die gemeenskapsmaaltye toegelaat nie. Seremoniële reinigingswassing voor etes het die moontlike kontak met diesulkes probeer ongedaan maak.
- * Josefus vertel ons min van die Sadduseërs, maar ons kan tog wel aflei dat van hulle welvarend was, deel was van die ondersteunende klas en in 'n sekere sin deel van die regerende klas, en daarom was hulle op die oppervlak 'n vrywillige faksie wat vir die behoud van die *status quo* gestaan het. Onderliggend was hul-

le eintlik 'n nie-vrywillige groep omdat hulle uit die Hasmoniese koninklike families tot stand gekom het en alles in hulle vermoë gedoen het om die beheer van die tempel en die Sanhedrin in die hande van hierdie elite-families te hou.

- Die Fariseërs was onder die volk die leidende faksie, maar die aard van hulle sosiale klas is, soos ons gesien het, nie duidelik uit Josefus se vermeldings afleibaar nie. Oor die algemeen gesien was hulle egter ongetwyfeld van 'n laer klas as en met aversie gevul teenoor die Sadduseërs wat óf as regerende klas óf as ondersteunende klas in beheer van die tempel (as die religieuse, politieke en ekonomiese sentrum van die Joodse samelewing) was.

9. SLOTOPMERKINGS

Die Fariseërs en die Sadduseërs is hierbo ter wille van illustrasiemateriaal baie kortliks onder bespreking gebring. Die bedoeling hiermee is nie om enigsins die indruk van volledigheid te skep nie. Saam met die Esseners kry hulle veel meer aandag in 'n aparte afdeling van die handboek oor die kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament waarna ons in die begin van die artikel verwys het. Tog meen ek dat die bietjie inligting wat in die artikel oor die Fariseërs en die Sadduseërs gebied is, toereikend as onderbou gedien het van die argument dat die (merendeels verskuilde) belange van die elite-families gesien kan word as die dominante dryfveer agter die sosiale stratifikasie van die eerste-eeuse Joodse samelewing as 'n ontwikkelde agrariese samelewing. Die familiële struktuur kan dus as 'n ideologie (in die sin van 'valse bewussyn') geïnterpreteer word. Terselfdertyd, meen ek, het die studie daarin geslaag om bewustelik die 'klas', 'ideologie' en 'politieke ekonomie' van die skrywer van die artikel in ag te neem, en belangrik, ook te onderskei van hoe hierdie aspekte in die eerste-eeuse Mediterreense konteks ingebed is. Uiteraard het ons hoogstens in hierdie verband met gekonstrueerde en geabstraheerde modelle te doen. Daar is ook in die studie, in terme van die gekonstrueerde sosiale stratifikasie, duidelike suggesties gebied oor die wyse waarop 'klas', 'politiek', 'ekonomie' en 'godsdienst' in die eerste-eeuse Joodse samelewing aanleiding gegee het tot sosiale verontregting. (Ook hierdie aspek word in 'n aparte afdeling in die gemelde handboek bespreek.) Sodoende het my verstaan van die wêreld van die historiese Jesus en veral sy verhouding tot die ander sosiaal-veragtes van sy tyd, 'n verdere reliëf gekry.

Geraadpleegde literatuur

- Crossan, J D 1991. *The historical Jesus: The life of a Mediterranean Jewish peasant*. San Francisco: Harper.
- Davis, J 1977. *People of the Mediterranean*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Duling, D C 1992. Matthew's plurisignificant 'Son of David' in social science perspective: Kinship, kingship, magic, and miracle. *BTB* 22, 99-116.
- Elliott, J H 1987. Patronage and clientism in early Christian society. *Forum* 3/4, 39-48.
- 1991. Temple versus household in Luke-Acts: A contrast in social institutions, in Neyrey 1991:211-240. (Also published in *HTS* 47 [1991], 88-120.)
- Fiensy, D A 1991. *The social history of Palestine in the Herodian period*. Lewiston, NY: Edwin Mellen. (Studies in the Bible and early Christianity 20.)
- Flesher, P V M 1989. Palestinian synagogues before 70 C E: A review of the evidence, in Neusner, J & Frerichs, E S (eds), *Approaches to Ancient Judaism, vol 6*, 57-81. Atlanta: Scholars Press. (Brown Judaic Studies.)
- Goodman, M 1983. *State and society in Roman Galilee*. Totowa, NJ: Rowman & Allanheld.
- Grabbe, L 1988. Synagogues in pre-70 Palestine: A re-assessment. *JThS* 39, 401-410.
- Gutmann, J 1981. Synagogue origins: Theories and facts, in Gutmann, J (ed), *Ancient synagogues: The state of research*. Chico, CA: Scholars Press. (Brown Judaic Studies 22.)
- Hanson, K C 1989. The Herodians and Mediterranean kinship. *BTB* 19,75-84.
- Harris, W V 1992. On ancient literacy. Unpublished paper, Westar Institute's Jesus Seminar, Rutgers University, New Jersey, October 22-25, 1992.
- Horsley, R A 1979. Josephus and the bandits. *Journal of Jewish Studies* 10, 37-63.
- Horsley, R A & Hanson, J S 1985. *Bandits, prophets, and messiahs: Popular movements in the time of Jesus*. Minneapolis: Winston.
- Jacobson, A D [1992]. Divided families and Christian origins. Unpublished paper, Charis Ecumenical Centre, Concordia College, Moorhead (Minnesota).
- Kee, H C 1990. The transformation of the synagogue after 70 C E: Its importance for early Christianity. *NTS* 36, 1-24.
- Landsberger, H 1973. Peasant unrest: Themes and variations, in Landsberger, H (ed), *Rural protest: Peasant movements and social change*, 1-64. New York: Barnes & Noble.
- Lenski, G E 1966. *Power and privilege: A theory of social stratification*. New York: McGraw-Hill.

- Lenski, G & Lenski, J & Nolan, P [1970] 1991. *Human societies: An introduction to macrosociology*. New York: McGraw-Hill.
- MacMullen, R 1974. *Roman social relations: 50 B C to A D 284*. New Haven: Yale University Press.
- Malina, B J 1981. *The New Testament world: Insights from cultural anthropology*. Louisville: John Knox.
- 1982. Social science and Biblical interpretation. *Interp.* 37, 229-242.
- 1986. *Christian origins and cultural anthropology: Practical models for Biblical interpretation*. Atlanta: John Knox.
- 1988. Patron and client: The analogy behind synoptic theology. *Forum* 4/1, 2-32.
- 1992. Is there a circum-Mediterranean person? Looking for stereotypes. *BTB* 22, 66-87.
- Mintz, S 1973. A note on the definition of peasantries. *Journal of Peasant Studies* 1, 91-106.
- Mosala, I 1989. *Biblical hermeneutics and black theology in South Africa*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.
- Neusner, J 1973a. *From politics to piety*. Englewood Cliffs, N J: Prentice Hall.
- 1973b. 'Pharisaic-Rabbinic' Judaism: A clarification. *HR* 12, 250-270.
- Neyrey, J H (ed) 1991. *The social world of Luke-Acts: Models for interpretation*. Peabody, MA: Hendrickson.
- Oakman, D 1986. *Jesus and the economic questions of his day*. Lewiston: Edwin Mellon. (SBEC 8.)
- 1991. The countryside in Luke-Acts, in Neyrey 1991:151-179.
- 1992. Was Jesus a peasant? Implications for reading the Samaritan story (Luke 10:30-35). *BTB* 22, 117-125.
- Osiek, C 1992. The social sciences and the Second Testament: Problems and challenges. *BTB* 22, 88-95.
- Rohrbaugh, R L 1984. Methodological consideration in the debate over the social class status of early Christians. *JAAR* 52, 519-546.
- 1987. Social location of thought as a heuristic construct in New Testament study. *JSNT* 30, 103-119.
- 1991a. The city in the Second Testament. *BTB* 21, 67-75.
- 1991b. The pre-industrial city in Luke-Acts: Urban social relations, in Neyrey 1991: 125-149.
- Saldarini, A J 1988. *Pharisees, Scribes and Sadducees in Palestine society: A sociological approach*. Wilmington: Michael Glazier.
- Sjoberg, G 1960. *The preindustrial city – past and present*. New York: Free Press.

- Stambaugh, J E & Balch, D L 1986. *The New Testament in its social environment*. Philadelphia: Westminster.
- Van Aarde, A G 1988. Jesus en die sosiaal-veragtes. *HTS* 44, 829-846.
- [1993]. *Kultuurhistoriese agtergrond van die Nuwe Testament: Die eerste-eeuse Mediterreense sosiale konteks*. Pretoria: Kital. (Forthcoming.)
- Wolf, E 1966. *Peasants*. Englewood Cliffs, NJ: Prentice-Hall.
- Wright, N T 1992. *The New Testament and the people of God, volume one: Christian origins and the question of God*. Minneapolis: Fortress.